



26 Februarie 2021

Uitgawe: 3/1/2021

UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan elke ouer wat hul daaglikse roetine aangepas het en ingeval het by die aanpassings om die verkeersdruk te help verlig. Daar is klaar 'n groot verbetering wat die vloei van die verkeer betref. Baie dankie ook aan elke ouer wat die week se inligtingsaande kon bywoon. Ons hoop werklik dat die meeste van u bekommernisse en vrae aangespreek kon word. Indien daar ouers is wat weens omstandighede nie hierdie geleentheid kon bywoon nie, is u welkom om die samevatting van die agendapunte op die skool se e-platform te gaan bestudeer. Indien daar nog enigsins onduidelikhede is, kan u gerus u kind se klasonderwyser of graadhoof kontak.

Maandag het ons met sport-oefeninge afgeskop en was daar baie verwarring, veral by ons jonger leerders rondom reëlings soos waar om vir hul ouers te wag. Ons besef die reëling dat ouers nie die terrein mag betree nie, veroorsaak ongelooflike spanning by u en u kind. Ons het werklik begrip daarvoor. Ongelukkig is dit nie ons eie reëling nie en word dit van die Departement af so aan skole voorgeskryf. Gelukkig is kinders aanpasbaar en het dit teen Donderdag reeds heelwat beter gegaan. Ongelukkig is daar ouers wat hul net nie steur aan ons versoek nie. Moet dus nie aanstoot neem indien sekuriteit of 'n onderwyser u sou vra om die terrein te verlaat nie.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING

Ouers moet kennis neem dat daar vandag twee belangrike dokumente saam met die Tjokkie-WEEKBLAD uitgestuur word rakende die Beheerliggaamverkiesing. Daarin verskyn al die tersaaklike inligting rakende die datums, nominasieproses, pligte en ander belangrike inligting. Lees dit asb. sodat u ingelig is hoe die proses werk.

KOMMUNIKASIE - d6

Goeie kommunikasie met u is vir ons 'n prioriteit. Daarom het ons besluit om voortaan die **d6 Connect** toepassing te gebruik om met u te kommunikeer.

Van die grootste voordele wat dit inhou, is dat die toepassing gratis is en direk geïntegreerd is met ons administratiewe stelsel. Hierdie toepassing maak dit net soveel eenvoudiger, vir beide ons en vir u, om met mekaar te kommunikeer. Die toepassing stel ons in staat om relevante inligting met u te deel en sluit onder andere belangrike kennisgewings, kalender gebeurtenisse, hulpbronne en kontakbesonderhede in.

Ons nooi u uit om die toepassing af te laai en in effektiewe verbinding met ons te wees. Tjokkies wil graag teen **5 Maart 2021** volkome oorskakel na die **d6 Connect** stelsel en sal inligting voortaan slegs daarop beskikbaar wees.



connect

HUMOR en INSPIRASIESPASIE...

So gepraat van verkeer! 'n Man sit vas in die verkeer op die N1 in Johannesburg tydens die 1995 Rugby Wêreldbeker-eindstryd. Daar is skielik 'n klop aan die venster en toe hy sy motor se ruit afdraai, sê 'n man in 'n Springboktrui uitasem: *“Terroriste! Terroriste het twee All Black-ondersteuners gevang en eis nou R500 000 of hulle gaan hulle in petrol dompel en aan die brand steek. Ons loop nou van motor na motor en vra vir donasies.”* *“So hoeveel gee 'n mens?”* vra die bestuurder. *“Ag, so twee liter sal genoeg wees,”* antwoord die man.



VERJAARSDAE

1 Mrt.: Beulah du Plessis (Admin.)

BELANGRIKE DATUMS

1 Mrt.: Nominasievorms vir BL-verkieping beskikbaar

5/6 Mrt.: Tjokkie-raad opleiding

KAALVOETKAFEE

Enige bestelling vanuit die kombuis vir kos moet asseblief vroegtydig bestel word. Bestellings kan voor skool of die vorige dag vir pouses geplaas word. Dit kan ook pouses vir na skool bestel word.

NB: Die Kaalvoetkafee maak met graagte ook verjaardag-combo's op. Betaling kan ook gerieflik via die snoepiekaart gedoen word. Stuur net aan ons die bewys van betaling. Onthou betaling na die kaart kan tot drie dae duur, afhangende watter bank u gebruik. Reël en bevestig dus betyds. Die Kaalvoetkafee se nommer is:

082 612 7756

BANKBESONDERHEDE

Graag wil ons alle ouers versoek om seker te maak dat inbetalings in die korrekte bankrekening gedoen word. Die **Primêre Skool** se bankbesonderhede verskil van dié van die **Kleuterskool**.

Veral ouers van Graad 1 - 3 maak dikwels die fout om dieselfde bankbesonderhede in graad 1 te gebruik as die vorige graad R-jaar.

- **Primêre Skool** rekening (Skoolfooie, klerebank, ens): **ABSA**
- Die **kleuterskool** se rekening is by **STANDARD BANK**.
- Die **Kaalvoetkafee** se rekening is by **FNB**.

Dankie vir u aandag in die verband.

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Die kenmerkende geesdrif waarmee Tjokkies alles aanpak, maak ons besonder toegewyd en diensbaar.

Hoekom die Rosyntjieprojek?

- Uitvoerkwaliteit rosyne teen slegs R40 per 500g, heerlike, bekostigbare en gesonde geskenk om aan iemand te gee;
- Rosyne is lekker en gesonde kosblikhappies;
- Leer jou kind entrepreneursvaardighede ontwikkel om aan vriende die produk te bemark.

Betaal op Karri

Lekker kontantpryse vir ons flinkste entrepreneurs.

Skakel Suzane vir enige navrae en die afhaal van rosyntjies.

...it is better to give, than to receive...



DEPT. VAN GESONDHEID

Die Departement van Gesondheid het jaarliks inentingsveldtogte wat hulle by skole aanbied. Hierdie jaar ontvang graad 6-dogters hul opvolginenting t.o.v. servikale kanker. Graad 5-dogters ontvang hul eerste inspuiting t.o.v. servikale kanker en ook 'n tetanusinspuiting. Graad 5-seuns ontvang ook 'n tetanusinspuiting.

Inspuitings gaan op 22 April 2021 plaasvind. Bogenoemde leerders sal 'n toestemmingsdokument ten opsigte van bogenoemde ontvang (meer besonderhede rakende inentings op dokument). Voltooi asb. die dokument en stuur so spoedig moontlik na die klasonderwyser terug. U is onder geen verpligting om wel van die diens gebruik te maak nie.

SNUFFELS

Liewe Ouer

Benodig jy hulp en hoop met jou kind se akademie?

Ek het reeds hierdie jaar 6 studiekursusse aangebied om ouers en kinders 'n leer- en huiswerk-hupstoot te gee. Met ons studiekursus leer die ouer en kind hoe om te leer!

Ons kursusgroepies is klein! Kontak my om plek te bespreek. Die volgende kursus is op 26 Februarie. Sien die webblad vir verdere datums

Renate Boshoff - Sel: 082 3044 262

<https://www.merkegereedweet.com>

KUNSKLASSE

Juffrou Elsabé se “Kuns vir die Lekker” sal weer die 2de en 3de kwartale plaasvind.

Kontak haar nou reeds by 072 674 6897 indien u kind belangstel.

